higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN MANDATE
NKR VLAK 3

(8021013)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
6. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Seereg-wetstoepassingbeamptes word aangestel om wetgewing op ons seë af te dwing om ons hawens, visbedryf en perlemoen te beskerm.

1.2 Die Departement van Justisie is verantwoordelik vir die instandhouding en funksionering van howe in samewerking met onafhanklike regters, landdroste en direkteurs van vervolging.

1.3 Beplanning verwys na die manier waarop 'n organisasie op die verskillende vlakke van 'n instelling of departement bestuur word.

1.4 Artikel 25 van die Grondwet waarborg dat niemand van eiendom ontneem mag word nie, behalwe kragtens 'n regsvoorskrif.

1.5 Die Witskrif op regstellende aksie sit die bykomende korrektiewe stappe uiteen wat gedoen moet word ten einde te verseker dat diegene wat histories deur onbillike diskriminasie benadeel is, in staat is om volle voordeel uit 'n regverdige diensomgewing te bekom.

1.6 Die primêre funksie van die vervolgingsgesag is om vervolgings namens die staat in te stel en om appèlle in enige hof in te stel of voort te sit wat spruit uit strafregtelike verrigtinge in die betrokke jurisdiksie.

1.7 Daar is nege provinsiale en drie plaaslike afdelings van die Hoë Hof, wat ernstige sake en appèlle van laer howe hanteer.

1.8 'n Universele verklaring maak deel uit van internasionale gewoontereg met die doel om die regte van sekere groepe mense, soos vroue en arbeiders, maar uitsluitend kinders, te beskerm, en rassediskriminasie te voorkom.

1.9 Die Konstitusionele Hof het die beginsel van menswaardigheid beklemtoon toe die doodsvonnis en lyfstraf ongrondwetlik verklaar is.

1.10 Volgens die Witskrif op die transformasie van die staatsdiens is beleefdheid nie een van die beginsels van dienslewering in die staatsdiens nie.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM A wat pas by 'n beskrywing in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Religieuse werkers wat misdaadkwessies met gevangenes bespreek	A	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
2.2	Stel 'n lid van die gemeenskap in staat om te verseker dat die aangehoudenes volgens die vereiste standaarde opgesluit word	B	Verenigde Volke-Organisasie
2.3	Formulering van reëls deur die minister van 'n departement oor die manier waarop die departement moet funksioneer	C	landdros
2.4	Programme wat gerig is op die bemagtiging van weerlose groepe in die samelewing	D	regulasies
2.5	Bevordering van gemeenskapswaardes en opvoeding	E	onafhanklike gevangenisbesoekers
2.6	Voorsittende beampte in hoë howe	F	kapelane
2.7	Bevordering van vrede, sekuriteit en internasionale samewerking	G	regter
2.8	Voorsittende beampte in laer howe	H	Suid-Afrikaanse polisiediens
2.9	Staatsinstelling wat grondwetlike demokrasie ondersteun	I	misdaadvoorkomingspilaar
2.10	Strategiese fokus op die handhawing van sekuriteit by groot openbare geleenthede	J	openbare beskermer
		K	hoofregter

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (3.1:3.1.1–3.4:3.4.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

plaaslike; bemagtigende wetgewing; misdaadvoorkoming; nasionale; parlement; ondergeskikte wetgewing; munisipale rade; wetgewende; toepassing van verordeninge; provinsiale; af te dwing

3.1 In die Republiek is die (3.1.1) ... gesag van die (3.1.2) ... regeringsfeer gesetel in (3.1.3) ... en die (3.1.4) ... regeringsfeer is gesetel in die (3.1.5) ... (5)

3.2 (3.2.1) ... is wette uitgevaardig deur die parlement, wat 'n persoon of entiteit magtig om gesag uit te oefen by die uitvoering van 'n handeling, 'n besluit of beleid. (3.2.2) ... is die wette uitgevaardig deur die uitvoerende tak van die regering of ander liggame aan wie die parlement sommige van sy regskeppende magte gedelegeer het. (2 × 1) (2)

3.3 Metropolisie is verantwoordelik vir (3.3.1) ... en (3.3.2)... (2 × 1) (2)

3.4 Die doel van die korrektiewe dienste is om aan te hou om 'n regverdige, vreedsame en veilige samelewing te handhaaf en te beskerm deur vonnisse (3.4.1)... en alle gevangenes in veilige bewaring aan te hou; en deur maatskaplike en menslike ontwikkeling te bevorder. (1)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord die volgende kortvrae in die ANTWOORDBOEK.

VRAAG 4

4.1 'n Witskrif is die belangrikste strategiese dokument wat daarop gerig is om bestuur en diensverskaffing van die departement oor 'n lang tyd te rig.

4.1.1 Stel 'n lys doelwitte van die Witskrif oor veiligheid en sekuriteit saam.

4.1.2 Stel 'n lys kernwaardes saam waarop die Witskrif op korreksies gebaseer is.

(2 × 3) (6)

4.2 Artikel 35 van die Grondwet van Suid-Afrika bepaal: 'Elke beskuldigde persoon het die reg om onskuldig geag te word totdat hy/sy skuldig bevind word'.

Argumenteer breedvoerig die *vermoede van onskuld.* (8)

4.3. Op 26 Maart 2018 het die Departement van Gemeenskapsveiligheid, die Wes-Kaapse regering en die stad Kaapstad gesamentlik 'n Buurtwagtoekenningseremonie in Kaapstad aangebied.

Tabuleer die verskil tussen 'n gemeenskapspolisiëringsforum en 'n buurtwag. (4)

4.4 Noem die vereistes waaraan regstellendeaksieprogramme moet voldoen. (6)

4.5. Noem die DRIE verskillende vlakke van beheer. (3)

4.6 Bespreek die belangrikheid van *sektorpolisiëring* vir die Suid-Afrikaanse polisiediens en die gemeenskap. (3)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

VRAAG 5

WELKOM TERUG, AGBARE MINISTER, MNR BHEKI CELE

Op 9 Maart 2018 is 'n spesiale parade by die Tshwane Akademie van die Suid-Afrikaanse polisiediens gehou, waartydens die nasionale kommissaris, generaal Khela Sithole, mnr Cele amptelik in hul midde verwelkom het. Die twee hooggeplaastes het by die podium opgedaag met 'n klein karretjie wat deur 'n wit perd van die berede eenheid getrek is. Die podium is omring deur 'n vertoon van voertuie van verskillende eenhede.

'Ons verwelkom u terug by die SAPD-familie, Minister Cele, en sien daarna uit dat u strategiese leierskap en beleide ontwerp en in werking stel wat ons in staat sal stel om vorentoe te beweeg op 'n doeltreffende en bekwame manier,' het generaal Khela Sithole gesê.

Minister Bheki Cele het met die lede op parade en die bevelvoerders op die pawiljoen gesels. Hy het polisielede aangemoedig om hul vaardighede te oefen om hul vermoë om misdaad te beveg te versterk. Hy het hulle daaraan herinner dat polisielede ontplooi word om van Suid-Afrika 'n veiliger plek vir almal te maak, en dat daar van hulle verwag word om altyd in die strate te wees om misdaad te beveg in plaas daarvan om tyd op kantoor deur te bring.

Servamus 2018: Uitgawe 46

5.1 Assesseer die scenario en identifiseer en verduidelik die leierskapsrol van minister Bheki Cele in die Departement van Veiligheid en Sekuriteit. (2)

5.2 Onderskei tussen die konsepte *motivering* en *aktivering.* (2)

5.3 Die scenario maak melding van die berede eenheid en verskeie ander eenhede in die SAPD.

Noem SES spesialiseenhede (die berede eenheid uitgesluit) in die SAPD. (6)

5.4 Abraham Maslow (1908 – 1970) het VYF hiërargiese vlakke van menslike behoeftes geïdentifiseer. Maslow moes eers vasstel watter faktore 'n rol in individuele motivering speel.

Identifiseer en illustreer Maslow se behoeftehiërargie deur die behoeftes van die laagste tot die hoogste te rangskik en gee 'n praktiese voorbeeld van elke geïdentifiseerde behoefte. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.

VRAAG 6

Afwending het die hof se opsies verhoog om eerste oortreders te hanteer en hulle op die regte pad te plaas voordat hulle by ernstiger misdaad betrokke raak. Afwending word as 'n alternatief gebied vir die hantering van jong mense se onaanvaarbare gedrag – die jong oortreder word afgewend van die strafregspleging na 'n program wat hom of haar vir hul dade aanspreeklik maak.

6.1 Noem die doelwitte van die afwendingsprogramme. Identifiseer en beskryf die VIER verskillende tipes afwendingsprogramme. (14)

6.2 Noem die universele standaarde van toepassing op kinders wat by die internasionale konvensie oor kinderregte deur die Verenigde Nasies aanvaar is. (6)

OF

VRAAG 7

Strafhowe van die Republiek van Suid-Afrika word in twee tipes verdeel, naamlik verhoorhowe en appèlhowe. In verhoorhowe word getuienis aangebied om die feite van 'n saak vas te stel, en 'n beslissing (uitspraak) word bereik deur 'n regter wat die reg op daardie feite toepas. Strafhowe word verder volgens hul jurisdiksie geklassifiseer in hoër en laer howe.

7.1 Bespreek die funksies van die hoë howe breedvoerig.

7.2 Bespreek die rol van die voorsittende beampte in 'n hofsaak.

(2 × 10) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou